

HOOFSTUK 1.

DIE VOLKSVERGELYKING.

Hoe primitiewer die volk, hoe meer beeldryk en kleurig is die taal; hoe nader die persoon aan die natuur is, des te fleuriger en tekenender is sy uitdrukkinge; hoe onontwikkelder die indiwidu, hoe minder sterk word sy emosies beheers en hoe treffender is die frisse oorspronklikheid van sy taaluiting; hoe jeugdig 'n taal self, hoe meer tree die skilderagtige, die smeugige en digterlike kenmerke daarvan op die voorgrond.

Daarom sal die volksmenigte sy gedagtes uitdruk in tekenende beelde, kernagtige bewoordinge en geestige gesegdes, waarin sy lewenswysheid, sy geaardheid en sy taalvernuf weerspieël sal word. Die verbeelding van die volk kan onbeteueld voortfantaseer. Die gevolg is dat vergelykinge alle natuurlike, spontaan-gesellige uitinge versier. In byna elke beskrywing, redenering of verhaal word ruim gebruik gemaak van die vergelyking, danksy die drang na presieser of meer emfatiese uiting.

By die primitiewe natuurmens speel die vergelyking 'n groot rol, omdat sy geestesstruktuur van so'n aard is dat alle abstrakte denke uitgesluit is. Deur middel van die vergelyking word nuwe indrukke in verband gebring met die onmiddellike aanskouingswêreld van sy daaglikse ervaring. Dit is 'n psigologiese proses waardeur die onbekende in die sfeer van die alledaagse waarneming gebring word. Dit werk verhelderend deurdat dit die vreemde bring na die meer bekende voorstellingsfeer van die hoorder.

Die neiging om te vergelyk kan alreeds in die kindertaal waargeneem word. Dit is een van die belangrikste funksies van die menslike gees. Nuwe indrukke word daardeur geplaas in die begrip- en gevoelsfeer van reeds aanwesige voorstellinge. Konkrete beelde word gebruik om die abstrakte begrip te verduidelik, naas die algemene word die besondere gestel. Hoe akstrakter en hoe meer omvattend 'n begrip is, des te talryker is die moontlikhede om dit in die vergelyking te veraanskoulik. Die veelheidsbegrip kan bv. versinnelik word in vergelykinge soos: so veel soos die sterre aan die hemel, die sand by die see, die blare aan die bome, die visse in die see, die gras op die veld, hare op 'n hond ens. In hierdie lig gesien kan die verge-

lyking beskou word as die eenvoudigste en die mees oorspronklike vorm van die spreekwoordelike segswyse. Dit is 'n besonder algemene taalprocédé.

Omdat die volkstaal ander kenmerke vertoon as die kultuurtaal, sal ook die volksvergelyking sekere eienskappe besit wat dit duidelik van die digterlike vergelyking sal onderskei. Wesenlike verskil is daar egter nie, dog alleen 'n verskuiwing van aksent en gevoelston. In die volksvergelyking is daar bepaalde aspekte wat sterker op die voorgrond sal tree.

Die volkstaal, d.w.s. die taal van die gemeensame omgang en die alledaagse gesprek, dra in sy volle vitaliteit en lewenswarmte die kenmerke van vryheid, spontaneïteit, ongedwongenheid en volledige oorgawe. As affektaal teenoor die fyner-gestileerde en meer intellektuele kultuurtaal, word daarin aangetref 'n sekere ruheid van uitdrukking, 'n sin vir die vulgêre en 'n voorliefde vir aanskoulikheid, oordrywing, breedspakigheid en emfase. Dit is ru maar gesond, grof en plat, maar tog ryk na kleur. Dit volg dus vanself dat al hierdie kenmerke ook in die volksvergelyking teruggevind sal word.

Intussen kan ons die volkstaal nie beskou as 'n aparte, geïsoleerde taal wat los van die kultuurtaal staan en alleen deur die breë lae van die volk gemonopoliseer word nie. Al verskil bestemming en funksie, is die herkoms dieselfde en is dit dieselfde geestesfunksie wat die taal in albei gevalle beheers. Die volkstaal is nie 'n sorgvuldig-afgebakende begrip of 'n noukeurig-formuleerbare standaardtaal nie. Dit is 'n wye, veelomvattende begrip wat rekening hou met die sosiale struktuur van die taal, met verskille in streek, stad en familie, sowel as met die ontwikkelingsstrap en beskawingsgraad van die individu en die persoonsgroepe. Daarom bevat dit naas sinnelike plathede en vulgêre kragterme ook die meer verfynde en beskaafde uitinge van die gees. Al hierdie vorme van die populêre spreektaal vervloei so geleidelik ineen dat 'n duidelike afbakening van die verskillende sosiale en lokale taalkringe onmoontlik en ook onprakties is. Met inagneming van verskille in aard en graad kan ons die algemene volkstaal beskou as die normale taaluiting waarvan die mens as gemeenskapsweese hom in sy daaglikse omgang met sy medemens sal bedien.

Die vergelyking het sy ontstaan aan baie faktore te danke. Vir die gevoelige persoon is die eenvoudige ontledende woord nie sterk genoeg om 'n indruk suiwer weer te gee nie. Die drang na meer presiese uiting lei dan tot die ontstaan van die skilderende vergelyking wat uit genietende waarneming voortspruit.

In sy mees objektiewe vorm dien hierdie vergelyking as praktiese illustrasie:

So rond soos 'n koeël, so bleek soos 'n wasbeeld, so rooi soos bloed, so krom soos 'n sekel, klap soos 'n sweep, iemand skud soos

'n hond 'n rot, spoeg soos 'n slang, spring soos 'n vlooi, snork soos 'n vark, 'n baard soos 'n bok, 'n vuis soos 'n beespoot, deurskynore soos 'n vlakhaas.

Origens is daar wisselende grade van aanskoulikheid en skilderagtigheid; van die banale, plat-realistiese uiting tot die meer aanskoulike voorstelling; van die direkte, onopgesmukke segging tot die treffende realistiese skildering; van die bruuske, growwe onverfyntheid tot die bevallige en keurige beeld. En altyd is die kern van die tekenende vergelyking geleë in juiste waarneming van die natuur en omgewing:

Omkrullippe soos 'n natgereënde velskoen, intrekboude soos 'n trekos, so besig soos 'n varksog met twaalf kleintjies, skurwe hakskene soos 'n transportos ('n boerbeskuit, 'n vleilandpatat, 'n gruispad).

Hang-wange soos 'n baadjiesak, plat voete soos 'n strykyster, klein ogies soos vetergaatjies, so regop soos 'n stroopblik op 'n kombuistafel, 'n pap lyf soos 'n wasgoedsak, op 'n perd sit soos 'n sak meel (wortels, sout, artappels).

Iets so goed ken soos jou eie broeksak, oormekaarkyk soos binneleisels, kinders soos orrelpepe, 'n klein koppie soos 'n kuierkierie, staan soos 'n natgereënde hoender, hande soos vetkoeke, hare soos fluitjiesriet in die wind, ens.

Die vergelyking met sy intensiteit van gevoelswaarde is verder die aangewese middel om 'n verhoogde graad of 'n versterking van die begrip uit te druk:

So dood soos 'n klip, so onnosel soos 'n blok hout, so hoog soos die hemel, so koud soos die Noordpool, so lank soos 'n telegraafpaal, so plat soos 'n pannekoek, so regop soos 'n kers.

Hoewel die realistiese, skilderende vergelyking in die volkstaal geliefd is, kan ons daarin nie die mees tipiese of die mees algemene vorm van die volksvergelyking sien nie. Verreweg die grootste en die belangrikste kategorie bestaan uit uitdrukkinge wat genoem kan word gevoels- of stemmingsvergelykinge. Omdat die gewone volksmens hom meer deur sy gevoel en sy sinne as deur sy verstand laat lei, is gevoelswaarde hier van meer belang as die verstandelik opgemerkte ooreenkoms. Die konkrete analogie is heeltemal ondergeskik aan die emosionele aksent. Die bedoeling van die volksvergelyking is dus in die eerste instansie nie soseer om 'n gedagte duideliker te stel of 'n begrip presies te omlin nie, as wat dit is om 'n emosionele reaksie te verkry en 'n gelyke gevoelskakering of stemming te wek. Dit is in die taal van die gevoel dat die vergelyking in sy volle krag as skeppende element te voorskyn tee.

Sels in die meer karakteriserende vergelyking is die affektiewe aksent hoofsaak. Die treffendheid daarvan word eerder bepaal deur die gemoedsuitwerking en die onmiddellike gevoelsreaksie as deur

die aanskoulikheid of juistheid van die voorstelling. In hierdie opsig is die volksvergelyking veral 'n affektief-gelaaide middel om die emosies gaande te maak:

So onmoontlik as wat 'n muggie 'n volstruiseier kan uitbroei, so lastig soos 'n vlooi in 'n velbroek, so suinig soos 'n ryslepel, so vriendelik soos 'n hond met twee sterte, so min van iets weet as 'n Dopper van 'n gesangvers, so bang soos 'n donkie vir mooipraat, bakbeen stap soos 'n verliefde skilpad, raas soos 'n kraai wat die eerste in 'n dooie perd se oog gepik het, lyk soos 'n suurlemoen in 'n kasteroliebottel, 'n hol maag soos 'n winterslang.

Met die nadruk so oorwegend op die gevoelselement, kan 'n mens verwag dat humor 'n belangrike bestanddeel van die volksvergelyking sal uitmaak. Die humoristiese segging trek onmiddellik die aandag. Dit getuig van gulle lewenslus en van 'n vrolike lewensopvatting. 'n Komiese effek word verkry deur die verrassende in die assosiasie, die grappige oordrywing of die ironiese stelling. Weer sal voorbeelde volop wees waarin die ruwe, regstreekse, ondelikate humor op die voorgrond tree. Aan die ander kant sal 'n mens verras word deur suiwer-aangevoelde vergelykinge waaruit 'n subtile, gevoelige humor spreek. Maar hoofsaaklik sal daar uitdrukkinge wees waarin die skertslus tot uiting kom in komiese, boertige gesegdes of in naïewe, spottende vergelykinge van 'n lugtige, speelse aard:

Knyp-knieë soos 'n grootuierkoei, 'n plat bek soos 'n slaaiskottel, 'n pap mond soos 'n oorryp spanspek ('n oopgebarste tamatie), waterige ogies soos 'n maselsvark, 'n afdraend-gesig soos 'n dors bobbejaan.

'n Hang-kruis soos 'n weeluis, weglê-tone soos 'n kombuiskuiken, neusgate soos treintonnels, 'n plooi-gesig soos 'n mofskaap, weglê-ore soos 'n nagmaalbeker, „toe slaan ek neer dat my bors induik soos 'n waksblik.”¹⁾

Soveel van iets weet as 'n hoenderhen van 'n tandeborsel ('n padda van 'n broeksak), 'n onklaar gesig soos 'n swak afdruk, 'n blink gesig soos oorlede Moses s'n, so ontuis soos Adam in 'n mode-winkel.

So rooi soos 'n ou-tannie wat 'n warm bakdag gehad het, so stadig soos 'n ou-vrou wat nagmaal-toe gaan; dink ook aan die gebed van die Hotnot by die biduur: „O Heer, maak ons so snoep agter u woord as varke agter druiwedoppe.”

Vergesogte voorstellinge met fantastiese elemente ontbreek nie: skurwe lippe soos 'n mislukte erosieskema, twee rye tande soos 'n meerkat-ooi, 'n lang gesig soos 'n merriemuishond, 'n blink gesig soos 'n hingsakkedis, 'n geheue soos 'n aertex-onderhemp (weens assosiasie met sif).

¹⁾ *Die Huisgenoot*, 24/11/'39.

Die feit dat die volksvergelyking hoofsaaklik 'n gevoelsuiting is verklaar die veelvuldig-voorkomende gebrek aan vormreëlmatigheid of logiese duidelikheid: *slap knieë soos 'n hansmuskiet, raas soos tien dooie Engelse, pronk soos 'n pouwyfie, skurwe tande soos 'n broeis brommer, bietjie-bietjie baard soos 'n wyfiespook, stap soos tien geplukte poue, lyk soos 'n witgepoeierde muggie in 'n donderstorm, vloek soos 'n matrooswyfie, „ek sal nie weer stilsit soos 'n aap nie”* (O.K. 5-222).

Akkuraatheid van voorstelling of noukeurigheid van vorm is dus geensins inherente eienskappe van die volksvergelyking nie. Anders sou uitdrukkinge soos die volgende nooit gangbaarheid kon verkry het nie: *so nugter soos 'n koue stortbad* (eintlik: *so nugter soos iemand wat onder 'n koue stortbad is*), *so steeks soos 'n ystervark* (verwarring met *stekerig*), *sy broek hang soos 'n grootuierkoei* (eintlik: *soos die uier van 'n grootuierkoei*).

Gedagtig aan sulke afwykinge, is 'n verklaring soos die van Stoett by Ndl. *slapen als eene roos* nie die aanneemlikste nie. In verband daarmee sê hy: „heerlijk vast slapen; vooral van kinderen gezegd, die in hun slaap een hoogroode kleur kunnen krygen, als hadden zy ,rozen op de wangen'; de uitdr. zal derhalve eig. willen zeggen: in den slaap er uitzien als eene roos” (St. 2-219).

As hierdie vergelyking in verband gebring word met Hgd. *Er schläft wie auf Rosen* (Die Sybariten pflegten auf Betten mit Rosenblättern gefühlt zu schlafen)¹⁾ en met Eng. *to sleep on a bed of roses*, lyk dit waarskynlik dat die oorspronklike vorm in Ndl. ook kon gewees het *slapen als op rozen*. Hierdie verklaring word aanneemlik gemaak deur die feit dat Van Dale albei vorme van die vergelyking noem: *slapen als een roos of op rozen* (zeer gerust slapen.)²⁾

Die lus om fantastiese, skerp-prikkelende elemente in die voorstelling in te voer blyk duidelik uit die groot aantal vergelykinge met woorde wat daarop bereken is om die emosie of die verbeelding te stimuleer.

Die *luis* kom alreeds in 17de-eeuse vergelykinge voor en word in Afrikaans net so dikwels gebruik as in die stamtale:

17de-eeus: „Je bint als een luijs, op een teerige huijt, so gauw” (Van Moerk., 485); *eenzaam als een luis op een kaal hoofd*; „voortgaan als een luis op een terige huid” (Warenar, vs. 92).

Duits: *Er sitzt wie a Lús zwischen zwei Stäbe, he is so dick as éne Hundelaus, he is so true as 'n Lus, er ist so mager wie eine Wanze* (eine Laus), *ha is so nüscherig as de Schwinslús, he is so wranterg* (unruhig) *as en Pott vull Lusen, stolz wie a Laus auf 'n Teller*.

¹⁾ Wander 4-203.

²⁾ Van Dale, bl. 1432.

Ndl.: *Flauw als een luis, hy zit als een luis tusschen twee nagels, hij zit alsof hij eene luis in zijn oor heeft, voortgang maken als een luis aan een touw, hij glorieert als een luis in het schurft, glimlachen gelijk eene weeghluis, zoo breed zitten as een weeghluis.*

Afr.: So arm soos 'n luis op 'n fynkam, so kaal soos 'n luis, so bang soos 'n luis op 'n vingernael, so dood soos 'n luis op 'n kam, so lastig soos 'n luis, so sleg soos 'n hongersnoodluis, so treurig soos 'n luis op 'n dooie hond, fyn uitgedos soos 'n luis op 'n kam, voel soos 'n luis op 'n vingernael, sit soos 'n luis op 'n kam, 'n vaal gesig soos 'n ou-werfluis, 'n afdraend-gesig soos 'n siek weeluis, 'n hangkruis soos 'n weeluis, 'n afdraende voorkop soos 'n bontpootjie-bosluis, kophou soos 'n weeluis, so dik soos 'n bosluis.

Tipies Afrikaans is die talryke vergelykinge met brommer: Raas soos 'n brommer in 'n bottel ('n kalbas), pas soos 'n brommer op 'n beespens ('n beesblaas), sing soos 'n brommer wat verkoue het, rondstap soos 'n broeis brommer, so onmoontlik as wat 'n brommer 'n volstruiseier kan uitbroei, so tevrede soos 'n brommer op 'n mis-hoop, so vrypostig soos 'n brommer op 'n bol mis, lyk soos 'n brommer op 'n trippelaarvark (op 'n trapfiets, op 'n boerbrood, op 'n afdraend), so vet soos 'n groen brommer in 'n koeistal, 'n stem soos 'n brommer in 'n paraffienblik, skurwe tande (uitpeul-oë, rooirand-jies-oë, ens.) soos 'n broeis brommer ens.

Interessant is die Afrikaanse gebruik van wildewragtig, 'n voorstelling wat alleen uit verbeeldingselemente moet bestaan, want wildewragtig is 'n ruim begrip wat alles omvat wat lelik en vervaarlik is: so lelik soos 'n wildewragtig (op 'n ploegskaar, 'n sweepstok, 'n klippaal ens.), die bobbejaan storm soos 'n wildewragtig, lyk soos 'n wildewragtig ens. Vergelyk hiermee woorde soos wildeskrik, wilde-stuipe en bv. „hulle wil sommer die wildeweghol kry vir die akkedis" (Die Huisg. 1/12/'39).

Emfatiese woorde en uitdrukkinge verander maklik van vorm of van betekenis. Sterk gevoelens het telkens 'n behoefte aan nuwe uitdrukkingsmiddels as die krag van die ou woorde uitgeput raak. In die vergelyking word die strewe na meer effektiewe en oorspronklike segging openbaar in gedurige vormverswaring, toevoeging of omskrywing. Die nadruk en die gevoelskrag is verantwoordelik vir die eindelose wisseling en variasie:

so lastig soos vlieë op 'n hond se seer, soos 'n vlieg in die reëntyd, soos 'n perdevlieg onder 'n hond se stert, soos 'n vlieg met steekbaard, soos Aprilmaand se gatvlieë, soos 'n hansvlieg, 'n kaffervlieg, 'n perdevlieg, 'n wintersvlieg, 'n blindevlieg, 'n stalvlieg, 'n Aprilvlieg, ens.

In baie gevalle gebeur dit dat 'n welbekende spreekwoordelike uitdrukking in die vorm van 'n vergelyking omgesit word, Sleutelwoorde wat in dieselfde spreekwoord voorkom en gevolglik maklik

met mekaar assosieer word, word in die vergelyking saamgevat. Nuwe besems vee skoon gee aanleiding tot die vergelyking werk soos 'n nuwe besem; al bars die bottel word in die vergelyking bars soos 'n bottel. Vgl. verder so dors soos 'n droë lewer (van hy het 'n droë lewer), gaap soos 'n kraai (bevorder deur so warm dat die kraaie gaap), hy glimlag so wyd soos hiervandaan na Blokseberg toe (van: ek wou dat jy op Blokseberg sit), dit pas soos 'n goue ring by 'n aap (van al dra 'n aap 'n goue ring, hy bly tog maar 'n lelike ding), so verflenterd soos 'n aasvoël (van lyk of die aasvoëls hom beetgehad het), so mal soos een wat 'n klap van die windmeul weg het, so vuil soos 'n lunsriem ens.

Aangesien die spreker selde bewus is van die oorspronklike bedoeling van die vergelyking, en temeer daar gevoelsnadruk so'n noodsaaklike element is, kan die analogie- of die assosiasiewerking maklik nuwe vorme aan die bewussyn suggereer. Van lieg soos tien perde skop kom 'n mens vanself of drink, vloek soos tien perde skop; so dors soos 'n eend suggereer so honger soos 'n eend; daarom ook hoor 'n mens so dikwels werk soos bossies, melk soos bossies, eetgoed soos bossies (na aanleiding van geld soos bossies).

Slordige of opsetlike verwarring lei tot kontaminasieprodukte:

So bang soos die duivel vir 'n skoot bokhael, so bang soos die duivel vir 'n tandetrekker, so arm soos 'n blou pennie (g'n blou duit werd nie — het nie 'n pennie op sy naam nie), hy kom soos 'n nul uil die Ooste (hy lyk soos 'n nul op 'n kontrak — kom soos die wyse uit die Ooste), so lelik soos die duivel se oorkussing (so lelik soos die duivel — ledigheid is die duivel se oorkussing).

Baie belangrik is die gevalle waar die begripselement soseer terugtree dat die vergelykinge louter affektief word — „nog een stapje verder, en de vergelyking verliest helemaal zijn oorspronkelijke betekenis. Talrijk zijn de zegswijzen waarin als de dood, als de weerga, als de bliksem, als de drommel, als de pest, als de hel, louter zinlose versterkingen zijn.”¹⁾

By herhaalde gebruik van 'n vergelykende omskrywing kan die begripselement soseer vervaag dat die uitdrukking alleen as versterking diens doen. Dit verswak dan tot 'n konvensionele modeaanwending wat aan die een kant 'n verintensivering van die begrip of die gevoel aandui en aan die ander kant bloot as 'n stopwoord gebruik word. Hier word dieselfde neiging tot begripsvervaging aangetref as by die saamgestelde byvoeglike naamwoorde, waar die eerste lid sy oorspronklike logiese betekenis verloor het en slegs as versterkende prefiks funksioneer, vgl. bv. doodbedaard, doodsuinig, doodgelukkig, doodarm ens. na aanleiding van doodsiel, doodbleek. Dit is trouens kenmerkend van alle gevoelsuitinge dat hulle met ver-

¹⁾ De Vooy's, Verzamelde Opstellen 2-195.

loop van tyd afgeblaas raak en verflou—„all expletives tend to be similarly dephlogisticated by over use from being an intensive to express strong emotion it becomes a merely conventional excrecence.”¹⁾

Voorbeelde is maklik genoeg aan te wys, alhoewel die oorspronklike gebruik nie altyd met sekerheid vasgestel kan word nie:

1. soos more (gister die heeldag).

So dronk (lastig) soos more die heeldag; so lelik soos gister die heeldag; voel soos eergister, soos gister die heeldag. Die oorsprong hiervan moet gesoek word in uitdrukkinge soos Ndl. zeker als de dag die schijnt (vgl. Afr. so seker soos sonskyn, so seker soos more die heeldag en gisteraand ook) en klaar als de dag (vgl. Afr. so helder soos daglig, soos more die heeldag).

2. soos 'n gedagte.

Oorspronklik so vinnig soos 'n gedagte; daarvandaan loop (werk, ry, pas ens.) soos 'n gedagte; vgl. „Die dele van die hout sluit soos 'n gedagte inmekaar” (Kruispad, bl. 69).

3. soos die ongeluk.

Hy loop (suip, vloek, lieg) soos die ongeluk; vgl. Duits Hei löppet äs dat Unglück.

4. soos die duiwel (die hel).

Baie algemeen in alle moontlike gevalle; ook in Eng., Ndl. en Duits: „Da dem Teufel alles Böse im ungewöhnlichen Masse zugeschrieben wird, so bezeichnet der Ausdruck as de Düvel soviel als sehr arg.”²⁾

5. soos 'n hond.

Volgens die Ndl. Woordeboek is hierdie uitdrukking in vergelykinge soos so siek (lui, moeg) soos 'n hond alleen 'n versterking: „Zoo dartzel, nijdig als een jonge hond—Vandaar het gebruik van als een hond tot uitdrukking van het begrip heel erg, bovenmatig.”³⁾ Elemente van begripsooreenkoms kan egter maklik genoeg aangewys word in so moeg (of: so siek) soos 'n hond. 'n Blote versterking is dit eers in so verkoue soos 'n hond of so gemeen soos 'n hond. In die Engelse taal word dieselfde uitbreiding aangetref, vgl. as lean, mad, drunk, hungry as a dog.⁴⁾

6. soos blik.

So waar, seker, gou, maklik soos blik: die herkoms van hierdie uitdrukking is nie heeltemal duidelik nie. In Nederlands kom die woord blik (meestal blik) in baie vergelykinge voor: „de spartelende

¹⁾ Mencken: American Language, bl. 315.

²⁾ Wander 4-1125.

³⁾ Ndl. Wdb. 6-886.

⁴⁾ Oxford Dict., bl. 1578.

bliek (daaruit blik) is een beeld van opgewektheid, drukheid—zoo gezond als een blik, zoo blij als blik.”¹⁾ Vgl. ook **zwemmen gelijk een blik, frisch als een blik, gelukkig als een blik in 't water.**

Die duidelike skeidingslyn in die gebruiksfeer maak dit egter heeltemal onwaarskynlik dat ons hier met dieselfde woord te doen het. Die Afrikaanse **blik** sal eerder 'n eufemistiese verkorting wees van **bliksem**. Súlke kragwoorde is in die volksvergelyking baie gewoon en baie gewild:

Loop soos die bliksem, so vinnig soos die bliksem; arm als te mieter, „de aarde is zoo rond as te mieter” (Het Donkere Licht), „het schip slingert als een kreng” (Wilde Vaart), „En nou als de verdommenis naar den steward” (Wildë Vaart).

7. . . . as wat die see diep is (die hemel hoog is).

So sleg (ryk, dom, ver, slim, ens.) as wat die see diep is. Vgl. Ndl. *zoo rijk als 't water diep is*, „Gij zijt zo slecht as 't water diep is” (M. Gijzen's Jeugd).

8. . . . soos die man in die maan.

So dom, lelik, onnosel soos die man in die maan; so min van iets weet as die man in die maan: Europese erfgoed, vgl. Malh., bl. 259.

9. . . . soos koue pampoen.

So maklik, sleg, vrot, bang soos koue pampoen; „as ek egter eers op my stukke is, sit ek die twee oues soos koue pampoen by my weduweetjie uit” (Die Huisg. 23/4/'37). Vgl. hiermee **ek skrik nie vir koue pampoen nie, dit maak op my so min indruk soos koue pampoen.**

10. . . . soos 'n klei-os se gat.

Oorpspronklik: sy neus is so toe soos 'n klei-os se gat; daarvan: **so nat, kwaad, ernstig, onnosel soos 'n klei-os se gat; so min van iets weet soos 'n klei-os se gat; 'n mens moet maar moedhou soos 'n klei-os.**

In 'n enkele geval word dieselfde woord in 'n ander vorm herhaal: *Er ist so gewiss als wahr, gewisser als gewiss, certo certius;*²⁾ vgl. Afri. so „true” soos waar, so „never” as te nooit.

Wanneer 'n geskikte vergelyking nie onmiddellik hyderhand is nie, word in die reël van die een of ander stopwoord gebruik gemaak:

11. . . . soos nogiets, enigiets, iets van die wêreld.

So waar, mooi, lui, slim, dom, krom soos iets van die wêreld; „dit was vir my so helder soos iets van die wêreld dat Rhodes alles van die inval geweet het” (Die Huisg. 14/5/'37). Vgl. Oos-Limburs: **zoo zieëker as get van de welt** (as iets ter wereld).³⁾

¹⁾ Ndl. Wdb. 2-2825.

²⁾ Wander 1-1665.

³⁾ van Ginneken, bl. 184.

12. . . . soos ek weet nie wat nie.

So groot, hoog, ryk, slim soos ek weet nie wat nie. Vgl. Gron. Zij het 'n zwel op d' arm van 'k wijt nijt hou, hij het 'n hoes van 'k wijt nijt hou (hij heeft een huis dat zeer groot is); Oos-Limburs zoa oabstenaat as ick weet niet wat;') Ndd. so swart as nit waat, wie nicht etwas.²⁾

Die volksvergelyking is dus in die meeste gevalle so'n spontane, onoordagte, byna onverantwoorde gevoelsuiting dat daaraan geen eise van helderheid, edelheid of gepastheid gestel kan word nie. Kortheid, bevalligheid of juistheid is hier geen deurslaggewende faktore nie. Dink maar bv. aan 'n vergelyking soos lyk soos 'n brandsiek muskiet wat in die winter op die damwal sit en kweek vreet. 'n Mens kan alleen sê dat daar in die beste vergelykinge 'n suiwerheid van voorstelling en gevoelston is wat dit op 'n hoë niveau plaas en dit verhef bokant die alledaagse uitinge van die volk. Juis dit maak dit so moeilik en ook so nodeloos om 'n definitiewe skeidingslyn te stel tussen die volksvergelyking en die kunsvergelyking. In die volkstaal kan voorbeelde gevind word wat egte kunsskeppinge is, vergelykinge wat in fynheid van aanvoeling en keurigheid van uitdrukking baie van die sogenaamde digterlike vergelykinge in die skadu stel. Daarbenewens kan die fynbesintuigde kunstenaar selfs die mees gewone vergelykinge op so'n wyse in sy geskifte invoer dat 'n nuwe glans daaraan verleen sal word. Die wyse van inkleding en die verband waarin dit gebruik word sal die waarde daarvan bepaal. Die ware kunstenaar sal die uitinge van die volkstaal nie beskou as iets wat sy aandag en sy belangstelling onwaardig is nie. Baie van die beelde wat bv. Hettie Smit gebruik is nie minder treffend omdat hulle in byna dieselfde vorm in die alledaagse omgangstaal gehoor word nie, vgl. „wat my vertrap en soos 'n muis in die hoekie van angs laat bewe"³⁾ en „dat jy van skone skrik bly lê soos 'n esel wat deur die weerlig getref is."³⁾ Daar is ook geen wesenlike verskil tussen die volksgesegde so besig soos 'n broeis hen met een kleintjie en 'n vergelyking soos bv. „moeder riep de zusjes beredderig als 'n kloek om zich heen."⁴⁾

Aan die ander kant kan 'n skrywer self 'n besondere uitdrukking of 'n pikante gesegde gebruik wat dadelik by die lesers inslaan en gevolglik spreekwoordelik word:

„Plesier is nes 'n jong komkommer,
as jy hom pluk, verlep hy sommer."⁵⁾

of: „'n Spook is nes 'n bok-kapater,
hy loop nie sommer in die water."⁵⁾

¹⁾ Van Ginneken, bl. 184.

²⁾ Eck., bl. 475.

³⁾ Sekelmaan, bl. 15 en 51 onderskeidelik.

⁴⁾ Boefje, bl. 116.

⁵⁾ uit F. W. Reitz se Klaas Geswind en sy perd.

In hierdie opsig is dit van belang om daarop te let dat die lektuur op skool, en meer bepaald die prosa of verse wat herhaaldelik voorgeskryf word, tot 'n baie groot mate die verbreiding van sekere spreekwoordelike gesegdes of idiomatiese wendinge kan bewerkstellig. Beeldende vergelykinge word maklik in die skoolkind se taalkompleks opgeneem. Sodoende kan 'n ongewone vergelyking, hetsy dit 'n nuutskepping van die skrywer is, hetsy dit aan die volkstaal ontleen is, in alle taalkringe indring en algemeen bekend raak. Die verbasend-wye gebruiksfeer van vergelykinge soos die volgende is ongetwyfeld te danke aan die feit dat die skoolkind die uitdrukkinge jaar na jaar in sy voorgeskrewe boeke teëgekom het:

So dig soos 'n vark wat pitjies het (vgl. Ampie, bl. 148); so dig soos 'n bottel (vgl. Ampie, bl. 65; Hans-die-Skipper, bl. 246); draf soos 'n duiker, so rats soos 'n ribbok (vgl. Voorslag van A. G. Visser); so steeks soos 'n perdeby, gierig soos 'n wildekat, inhalig soos 'n ystervark (vgl. Ver in die Troe-troe-vlakte van Leipoldt).

Die skoolkind sal ook in die eerste instansie verantwoordelik wees vir die tans spreekwoordelike so vet soos Visser se vrou (na aanleiding van Visser se gedig Vet in Rose van Herinnering, waarin vertel word van die tannie wat so vet was—*sy wou gaan sit, toe sit sy al*).

Op presies dieselfde wyse word vergelykinge ontleen aan volksen studenteliedjies. Die vergelyking so lelik soos tant Koek se hoenderhaan wat vandag in die verste uithoeke van die land gehoor word, is afkomstig van die studenteliedjie „Jy lyk vir my so baie na tant Koek se hoenderhaan.” Die voorstellinge in so beneuk soos 'n perdeby en so lekker soos 'n sopie word telkens weer opnuut gesgeer deur die liedjies „O perdeby, jy moet jou neukery laat staan” en „Lekker lekker sopie”. Die gebruik van so bitter soos 'n bitterbessiebos en hare soos mielleblare word bevorder deur die welbekende liedjies waarin die volgende reëls voorkom: „My geliefde hang aan die bitterbessiebos” en „kyk hoe lyk hulle hare, net soos mielleblare.”

In die meeste gevalle moet die ontstaan van die vergelyking gesoek word by die geestige en vernuftige indiwudu. 'n Toevallige uiting kan soveel indruk maak dat dit lank in die gees van die toehoorder sal naleef en geredelik deur hom herhaal sal word. Slegs in hoogs uitsonderlike gevalle sal dit egter moontlik wees om presies te kan bepaal waar en wanneer 'n vergelyking tot stand gekom het. Van die vergelyking so stil soos 'n Engelse hemel word bv. vertel dat 'n grapmaker baie jare gelede in eenaardige omstandighede hom hierdie gesegde laat ontval het. By geleentheid van 'n foto-opname van lede van die Sentrale Landbougenootskap te Bloemfontein, het genoemde heer op die spanningsvolle oomblik uitgeroep: Dit is hier nou net so stil soos 'n Engelse hemel! Toe die fotograaf wou weet wat so'n gesegde regverdig, het die antwoord ewe lankoniek gelui:

„Daar is mos geen Engelse in die hemel nie!” Vandag is hierdie vergelyking oor die hele Vrystaat bekend.

Voor nog 'n moeilikheid kom 'n mens te staan wanneer die mate van gangbaarheid en die verbreidheid van die vergelyking vasgestel moet word. Alleen 'n beperkte aantal sal ooit spreekwoordelik word en oor die hele uitgestrekte taalgebied bekendheid verkry. Sulke spreekwoordelike en algemeen-gangbare vergelykinge is stewig vasgewortel in die taal. Baie van hulle sal aangetref word in alle versamelinge van spreekwoorde en taaleienaardighede.¹⁾ Tog moet daarop gewys word dat selfs in so'n omvangryke en gesistematiseerde versameling soos die van Malherbe daar maar 'n geringe aantal vergelykinge behandel word. Hieruit moet 'n mens nie aflei dat die vergelyking iets seldsaams in die Afrikaanse volkstaal is nie. Presies die teenoorgestelde is waar, maar die wese en die funksie van die volksvergelyking is van so'n aard dat dit alleen in bepaalde omstandighede, wanneer dit in 'n vaste vorm oor 'n groot gebied by alle volkslae ingang gevind het, as 'n spreekwoordelike gesegde beskou kan word, vgl. geld soos bossies, so taai soos 'n ratel, so oud soos die berge, so bang soos 'n bok vir 'n skoot hael, so doof soos 'n kwartel, so blind soos 'n mol. Baie vergelykinge het maar 'n wisselvallige bestaan in 'n beperkte gebruiksfteer. Sommige hang saam met die omgewing, die streek, die sosiale groep of die familie; ander is welbekend, maar leef alleen in die volksmond voort, sonder dat hulle ooit op skrif gebring word, tensy toevallig in die dialoog waar die tiperende volkstaal opsetlik ingevoer word.

Die Afrikaner is te lief vir aanskoulike voorstellinge en beeldryke, kleurvolle vertellings om die vergelyking ooit te verwaarloos. Hy uit sy gedagtes „in den regel met eene puntigheid en presiesheid en klaarheid, die de half beschaafde Hollander moet laten blozen”.²⁾ Schonken is oortuig daarvan dat spreekwoorde nêrens in die beskaafde wêreld meer gewaardeer word as in Suid-Afrika nie³⁾, terwyl Leipoldt skryf: „In die reël kan die ou jagter en plattelander iets baie aanskoulik verhaai; sy taal is beeldryk en sy wyse van voorstelling helder. Een aand sit 'n man dinge uit die ou dae en vertel, 'n paar uitlanders was teenwoordig, en hulle het aandagtig geluister. Een

¹⁾ Vir versamelinge van Afrikaanse spreekwoorde, vgl. hfst. I van Malherbe se **Spreekwoorde**.

²⁾ deur 'n lid van die „Genootschap” geskryf na aanleiding van 'n artikel oor „De Bijbel in de Volkstaal” in „De Voorlichter” van 7 Nov. 1884.

³⁾ De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen, bl. 59.

van hulle roep by die slot uit: „So kan ons uitlanders nie 'n storie vertel nie! Dit is asof jy alles voor jou sien en hoor!”¹⁾)

Hoe 'n belangrike en wesenlike deel van die volkstaal die vergelyking uitmaak, sal uit die volgende hoofstukke duidelik blyk.

¹⁾ Von Wielligh: **Ons Geselstaal**.

HOOFSTUK 2.

DIE VORM.

a) Die uiterlike vormgestalte.

Naas die gewone, regstreekse, onomskrewe vorm, waar die twee verbonde voorstellingselemente sonder uitbreiding of versiering in die vorm van 'n gewone vergelyking gestel word (*geld soos bossies, so taai soos 'n ratel, swem soos 'n rot*), kan 'n groot verskeidenheid van vormaanwendinge aangetoon word wat parallel loop met 'n wysiging of versterking van die inhoudselement. So kan die vormgewing of ornamentele toevoegings, hetsy dit voortspruit uit 'n speelse volksvernuf, hetsy dit terwille van plastisiteit of van 'n kragtige gevoelsuitwerking aangewend word, die innerlike betekenis van die vergelyking aksentueer of verswaar.

Die aandag word opnuut op 'n verrassende wyse by 'n veelgebruikte vergelyking bepaal, deur instede van die algemene vergelykende toevoeging, 'n meer spesiale, toegespitste of nadruklike geval te noem.

Voel soos 'n vis op droë grond (of: *soos 'n vis uit die water*) kry 'n sterker gevoelslading in *voel soos 'n walvis op Naval Hill*. So *verlate soos 'n graf* wen in spankrag in *so verlate soos Tutankhamen se graf*. Dieselfde geld vir: *so maer soos 'n Hantamkraai*, *so kopsku soos 'n waterkardonkie*, *so ernstig soos 'n hondebegrafnis*, *'n kafferpredikant*, *so baar soos 'n Engelse Tommie*, *so vaal soos die as van London*.

Gevoelsnadruk spreek uit die aanwending van bepaalde getalle, soos veral sewe, tien, honderd: *so dors soos sewe Jode*, *so siek soos sewe honde*, *so lelik soos 'n meid wat sewe jaar seewater gedrink het*; *so siek soos twee wildebeeste*, *'n gesig so lank soos twee telegraafpale*; *lieg soos tien perde skop*, *snork soos tien blaasbalke*; *so lastig soos twaalf honde*; *so kwaai soos honderd tierwyfies*, „Hij is nog slimmer dan honderd boeren uit de Peel.”

Verwant hieraan is die verintensivering van die voorstelling in: *So hoogmoedig soos 'n kommando pouwyfies*, *so suur soos 'n hele mandjie sermeinpere*, *so vriendelik soos 'n arm vol katte*, *so vol planne soos 'n bokwa vol bobbejane* (vgl. Eng. *as artful as a wagon-load of monkeys*; 17de-eeus: „Loser den een schodt vol simmen!)

Die drang om telkens opnuut die aandag nadruklik te bepaal by 'n eienskap, word weerspieël in die algemene neiging om dieselfde gedagte of begrip op 'n twee- of meervoudige wyse uit te druk. Dit bring 'n versterking teweeg deur die samekoppeling van twee woorde (of woordgroepe) van verskillende vorm, maar van gelyke strekking:

„Men noemt een bok weleens tot zinnebeeld van het norsche. Maar ook aan de natuur of aan het volk van Noorwegen kent men zekere barheid toe. En als men nu een hooge mate van stuursheid en norsheid uitdrukken wil, zegt men: Hij kijkt als een bok in Noorwegen” (Laurill., bl. 13).

So stadig soos harmansdrup op 'n wintersmore kry 'n verhoogde gevoelswaarde deur die toevoeging. So vinnig soos 'n gesmeerde blits op vier wiele op 'n afdraend spreek meer onmiddellik as die gewone so vinnig soos blits. Vandaar rem soos 'n steeks perd op 'n afdraend, so dors soos 'n woestyn op 'n somerdag, so kwaai soos 'n tierwyfie met tien kleintjies, so gou soos 'n gebotterde sontraal (vgl. Ndl. . . als de gesmeerde bliksem; Hgd. wie ein geölter Blitz), so dronk soos 'n „Lord” op 'n Saterdagavond, so stadig soos 'n gespanne slak (ook Nederlands en Duits, vgl. Gron. Loopen as 'n spande hoaze), loop soos 'n eend wat liddorings het, soos 'n springhaas met 'n seer been, lyk soos 'n suurleroen in 'n kasteroliebottel, so dun soos 'n uitgehongerde kafferhond, so koud soos 'n spook in 'n winternag, kekkel soos 'n klomp viswywe op 'n koeliemark, geslepe soos 'n afpoot-jakkals, bakbeen stap soos 'n verliefde skilpod, uitpeul-oë soos 'n hartseer padda.

Die ongewone, skertsend-tiperende byvoeglike naamwoorde by die vergelykende omskrywing verleen 'n humoristiese tintelglans aan die uitdrukking en verhoog die gevoelswaarde daarvan. Die mees gebruiklike attribute is **hans-, hartseer, skeel, verdwaalde, dronk, makgemaakte**:— *Slap hakskeene soos 'n hansmuskiet, plat voete soos 'n hanspadda, 'n onpaar-pote soos 'n hans-Jood (vgl. die skimpnaam: Hanskakie), 'n afdraendgesig soos 'n hartseer spook, lyk soos 'n hartseer padda langs 'n droë fontein, alkant kyk soos 'n weeskalkoen, 'n klein gesiggie soos 'n weesapie, lyk soos 'n skeelgans op op 'n weerligaand, lyk soos 'n verdwaalde hoenderhen in 'n haelstorm, so eensaam soos 'n verdwaalde vlooi in 'n donderstorm, lyk soos 'n makgemaakte wildewragtig.*

Die drang na kragtiger, oorspronklikker, grappiger of verrassender segging is verantwoordelik vir die groot aantal woordkomplekse of sinsnede wat as toevoeginge by die gewone omskrywing dien. Hierdie bepalinge is toevallige toevoegsels wat nie juis bykomstige omstandighede uitdruk nie, maar wat bloot op die fantasie berus en die vergelyking skertsend aanvul.

Alhoewel sulke aardighede somaar los uit die mond val en as't ware vanself ontstaan, kan 'n oorspronklike logiese funksie in som-

nige gevalle aangetoon word: *So vinnig soos 'n veigesmeerde blits op 'n afdraend, draf soos 'n miskruier op 'n afdraend, drink soos 'n perd op 'n afdraend.* Die begripselement vervaag in: *Lyk soos 'n broeis brommer met kamaste aan op 'n afdraend, lyk soos 'n hotnotsgod wat op 'n afdraend staan en skottelgoed was, so lelik soos 'n wildevragtig op 'n afdraend.*

Op dieselfde wyse word terwille van die fantasties-onmoontlike uitwerking die volgende aanvullende toevoeginge gebruik (beknoptheidshalwe verskyn almal hier by dieselfde vergelyking, alhoewel die gebruiksfeer in die reël besonder uitgebreid is):—

Lyk soos 'n hotnotsgod op 'n warm klip, . . . op 'n warm ploegskaar, . . . op 'n snuifdoos, . . . op 'n sousbeon, . . . op 'n murgbeon, . . . op 'n ghriespaal, . . . op 'n wawiel, . . . op 'n ashoop, . . . in 'n donderstorm ('n haelstorm), . . . met kamaste aan, . . . met 'boots on'; voel soos enigiets op 'n mikstok, . . . soos 'n wildevragtig op 'n mikstok.

Die sug om iets nuuts by te voeg verhoog allermens die aanskoulikheid van die beeld. Intendeel, dit blyk juis dat die treffende in die voorstelling afneem (maar nie die spanningwydte of gevoelsuitwerking nie) namate die vorm van die vergelyking langer en ingewikkelder word. Sit soos 'n houtgod op blikwiele voor 'n koeliewinkel in 'n haelstorm kan beswaarlik 'n baie aanskoulike beeld genoem word.

Anders is dit gesteld in gevalle waar die vergelykende omskrywing voorafgegaan word deur 'n meer presiese uiteensetting van die begrippe wat vergelyk word. Die uitdrukking wen daardeur in noukeurigheid en tewens ook in skilderagtigheid:—*Hangskouers soos 'n kasteroliebottel, oorhang-wenkbroute soos 'n koeltekrans, 'n hangkruis soos 'n weeluis, intrekboude soos 'n trekos, 'n afdraend gesig soos 'n wasklip, 'n uitstaan-gat soos 'n skelm melkkoei, wegstaan-voortande soos 'n stalvurk, 'n plooi-gesig soos 'n mofram, 'n sproetgesig soos 'n miershoopvlakte, rooirantjies-oë soos 'n broeis brommer, omkrullippe soos 'n kwaai bobbejaan.*

Sulke oorspronklike, soms gesogte samestellinge is kenmerkend van die vergelyking. Uit 'n styloogpunt af te keur, is hulle nietemin tipies volks. 'n Omskrywing sou te wydlopieg wees, direktheid van segging mis en ritmies steurend werk:—*Lang vingers soos 'n loop-hout-haal riem, 'n hol rug soos 'n uitorde-pilaar, uitgevreë soos 'n vetmaakvark, so suinig soos 'n opdroogkoei, so sedig soos 'n maagseerkoei, so vol soos 'n nagmaalskerk, dun bene soos kuier-kieries, 'n hangbroek soos 'n kom-kuier-Jood se handsak.*

Terwille van duideliker stelling word meer besonderhede genoem in 'n aangehegte bysin of sinsnede. Die nadeel is dat die gekonsentreerde bondigheid wat die goeie vergelyking kenmerk soms moet wyk vir spanninglose omslagtigheid.

'n Paar voorbeelde uit 'Ons Klyntji' sal verduidelik:—

„So rooi as 'n Engelsman se nek as hy heeldag met 'n oopkar in die brandende son gery het” (2-158), „'n gebreek en gelag soos 'n klomp ape wat seepsoda ingekry het” (2-162), „hy lê net soos 'n bobbejaan wat die kriminele stuipe het” (5-177), „dit was of alles so gou gegaan het soos 'n blits in die wolke” (2-163), „Geld soos bossies in die veld” (10-8).

Die verkorte vorm is egter die gewone, selfs ook waar die duidelike bedoelinge vertroebel word sonder die oorspronklike voltooiing:—
Verdwyn soos 'n groot speld in 'n hooimied, so fris soos 'n vis in die water, so dronk soos 'n hoender in die donker, so bang soos 'n kat vir water, so dood soos 'n hond wat gif gevreet het, so dronk soos 'n vlieg in 'n bierbottel, so stil soos 'n muis in 'n meelblik, so stil soos 'n haas agter 'n klomp bossies, so bang soos 'n haas vir 'n hond, so bang soos die duivel vir 'n slypsteen ens., onder die Griekwas: sô bang sôs satang.

Die verduidelikende toevoeging kan in die vorm van 'n nadere verklaring van die voorafgaande gestel word. Na die algemene stelling volg die besondere ooreenkoms waarop in die vergelyking gewys word. So bv. in Nederlands, Duits, Frans, Spaans, Engels: *'n Kuiergas is soos 'n vis, die derde dag stink hy.*

Verder: *Hy's nes 'n meelsak, waar jy hom sit daar bly hy staan; hy's nes 'n volstruis, waar hy kom daar is hy tuis; hy's nes 'n bokooi, waar hy kom wil almal aan hom melk ('n praatjie met hom aanknoop); hy's nes 'n klein voëltjie, net pens en kop; hy's soos 'n muil, hy het geen voorgeslag en ook geen nageslag nie: hy's soos 'n bos-luis, waar hy sit daar klou hy; 'n morereën is soos 'n ou vrou se dans, dit is maar kort van duur (vgl. Ndl. Een morgenregen is een ouwijdans (duurt niet lang—N.T.G. 14, bl. 197); hy's soos 'n vis, altyd nat; hy's slegter as 'n miskoek, dit rook tog as mens dit aan die brand steek; onder die Griekwas: Onweer is soos keend, hy moet eers loeier aanseet voordat hy kan natmaak (Die Huisg. 19/5/'39).*

Hierdie vorm van die vergelyking word met groot sukses aangewend in die kultuurtaal waar dit dikwels spreekwoordelik word: *Die politiek van 'n staatsman is soos 'n ronde klip, jy kan nie daaraan vatplek kry nie; „'n steeks perd is nes 'n slegte kaffer, jy moet hom nie sy sin gee nie” (Op veld en Rante, bl. 107); 'n redenasie is soos 'n bergpad, vol kronkels; „My gedagtes is vanmiddag soos 'n kortsnoetvark, hy vroetel orals in” (Kruispad); „Hy was soos 'n seepbel, hol van binne en kleurig van buite” (Die Brandw. 1910-86); „'t is met vele gevaren en bezwären als met de brandnetels, als men ze flink aanpakt deren ze niet” (De Unie 1-283).*

In die volksvergelyking ontbreek die tweede gedeelte soms, of word dit as bekend veronderstel. Daardeur kom die presiese bedoeling van die vergelyking in die gedrang, soos in die volgende geval

wat J. du P. Scholtz in T.W.K. 14-23 aanhaal (maar waarvan die betekenis vir hom duister is):—

„Die dorpelinge dink as daar een vlaag regen geval het, dan is een boer nets meelsak”.

Die betekenis van die vergelyking word duidelik as dit in verband gebring word met: **Hy is nes 'n meelsak, as jy hom skud kom daar altyd nogiets uit.** Dit sou dan te kenne gee dat daar altyd iets uit 'n boer te haal is as daar 'n vlaag reën geval het.

In 'n meer verstaanbare betekenis kom die vergelyking voor in die volgende woorde wat in die middel van die neëntiende eeu deur die berugte Humansdorpse towenaar, Hendrik Spoorbek, gebesig sou gewees het: „As die Kromrivier se water terugloop, sal Engeland uitgeskud word soos 'n meelsak.” (vgl. **Die Huisgenoot**, 12 Sept. 1941, bl. 39).

Dieselfde vaagheid kenmerk bv.: **So dom soos 'n meelsif** (wat die fynste en beste meel deurlaat en net die slegste vir homself hou), **so dom soos 'n padpredikant** (wat die goeie weg aanwys, maar dit nie self bewandel nie).

Die versterkte of intensiewe vorm van die adjektief is dikwels niks meer as 'n gekonsentreerde vergelyking nie. Die vergelyking neem dan die vorm aan van 'n saamgestelde-byvoeglike naamwoord: *Moddervet, kurkdroog, hemelhoog*; veral by kleure — *grasgroen, bloedrooi, pikswart, goudgeel*. Hier kom 'n mens voor 'n moeilikheid te staan as die oorspronklike vorm aangetoon moet word: **Vingeralleen** of **so alleen soos my vinger**? **Vreksuinig** of **so suinig soos 'n vrek**? **Rotsvas** of **so vas soos 'n rots**?

In die reël is die saamgestelde vorm meer gangbaar. **Horingdroog, peperduur, plankdun, hondmak, moddervet, perdfris, stokdoof, koeëlronde** is meer idiomaties as **so droog soos horing** ens.

In baie gevalle waar uitsluitend hierdie vorm aangetref word, is 'n mens hom nie meer die primêre betekenis van die oorspronklike vergelyking bewus nie, vgl. **smoordronk, brandarm, stapelgek, splinternuut**.

'n Volledige bespreking van hierdie interessante vormgestalte van die vergelyking sou 'n aparte studie verg. Vir ons doel kan slegs nog aangetoon word hoe 'n gewone vergelyking deur assosiasie uit so'n versterkte byv. nw. abstraheer kan word, selfs in gevalle waar die eerste lid van die samestelling sy oorspronklike begripsinhoud verloor het en alleen as versterkende prefix diens doen:—**Doodgoed** gee aanleiding tot **so goed soos die dood**; op soortgelyke wyse ontstaan **so suinig, kalm soos die dood; so flou soos 'n stok**; onder die Griekwas: **So oud sôs stok** (van stokoud).

b) Uiterlike Vormverskynsels.

(i) **Alliterasie:** Die alliterasie wat 'n onmisbare element van die oud-Germaanse digkuns vorm, is 'n ou kunsmiddel wat hom op baie terreine van die taal openbaar, vgl. bv. die dubbel-vorme soos **kant en klaar, bak en brou, vuur en vlam, pimpel en pers**. Kenmerkend van oud-Germaans is die allitererende spreuke by die Angelsaksers, en van jonger dagtekening, die groot aantal stafrymende spreekwoorde in die oud-Noorse poësie.

Die konsonantrym is nog altyd 'n spontaan-werkende, lewende bestanddeel van die taal, wat hoofsaaklik 'n ritmiese uitwerking het. Die geaksentueerde lettergrepe wat met dieselfde klanke begin, is kragtige draers van die begrip en die gevoel. By die regstreekse, enkelvoudige vergelyking, met sy sterk beklemtoonde verwante voorstellinge, word die alliterasie byna 'n psigiese noodwendigheid. G'n wonder dus dat voorbeelde letterlik by die honderde aangehaal kan word nie.

Die nadruk op die beginklank (of -klankverbindings) wat die sterk gevoelsuiting kenmerk, tree in die onderbewuste nog so sterk op die voorgrond dat dit 'n gevoel van bevrediging, van afgerondheid, van finaliteit meebring wanneer die vergelykende voltooiing in dieselfde klankkompleks val. In oomblikke van heftige emosie kan die allitererende woord selfs die gewone verdring. So bv. het iemand wat gepraat het van die dranklustigheid van 'n bekende, veragtelik uitgeroep: *Hy swip soos 'n seevis* (met besonder nadruk op die 'sis-klanke).

Nog 'n stap verder, en die allitererende aanvulling het sy ontstaan te danke aan die strelende gevoelswaarde wat 'n herhaling van die beklemtoonde klanke meebring, sonder inagneming van enige begripsooreenkoms, vgl. so *vrot soos 'n vlakvark, so kwaad soos 'n kleios, so veilig soos 'n vlooi op 'n vlermuis, so mal soos 'n mossie*; gedeeltelik ook in *so ryk soos 'n regter, so skeel soos 'n skaap, so volop soos vygies, gaap soos 'n gulp, so mak soos 'n mamba*.

Die alliterasie word as volg in die vergelyking aangetref:—
(a) Regstreeks, "sonder omskrywing of toevoeging" (die mees algemene gebruik):— So *bruin soos 'n boontjie* (soos *boontjiesop, soos bier*), *so plat soos 'n pannekoek* ('n *padda, pennie, plank, platanna*), *so vinnig soos 'n veldmuis*, ('n *valk, 'n voorslag, 'n vuurslag*), *so vuil soos 'n vark* ('n *varkhok, 'n vadoek*), *klou soos klitsgras* ('n *katvel, klei, konfyt*); *so besig soos 'n byekorf, so blou soos die berge, blitsig . . . blesbok, blink . . . bottel, bleek . . . bakkersbrood, geduldig . . . donkie, duidelik . . . daglig, giftig . . . geitjie, hoog . . . hemel, hard . . . hout, haastig . . . hings, kaal . . . klip, lastig . . . luis, mooi . . . malva, reg . . . roer (reent), rats . . . ribbok, rof . . . rasper, rooi . . . roes, sag . . . sy (satyn), salig . . . sirkusnar,*

skelm . . . skrifgeleerde, skerp . . . skeermes, slu . . . slang, styf . . . stok, suur . . . asyn, vet . . . vark, volop . . . vlieë, vrolik . . . vink, welkom . . . wyn, waaksaam . . . waghond, wyd . . . wêreld, weg . . . warrelwind, ens.

Draf soos 'n duiker, klap soos 'n koeël, klouter soos 'n kat, pronk soos 'n pou; 'n bek soos 'n bakoond, 'n bolip soos 'n baber, geld soos gras, ribbene soos 'n roskam, 'n stem soos 'n stormbui, weglê-ore soos windskerms, ens.

(In ander Germaanse tale net so algemeen: *as dirty as ditch-water, as large as life, as cool as a cucumber, as pleased as Punch, as right as rain; swak als een zweep, koppig als een kloekhen, een buik als een burgemeester, zoo blijd als blik, gierig als het graf.*)

(b) Die vergelykende voltooiing bestaan uit 'n woordgroep:— Brand soos die braambos van Moses, huil soos 'n hond in die maanskyn, vry soos 'n voël in die lug, vry soos 'n vis in die water.

(c) Die alliterasie kom alleen in die vergelykende toevoeging voor:— Pas soos 'n brommer op 'n beespens (. . . soos 'n bril op 'n Boesman), raas soos 'n brommer in 'n bottel, spartel soos 'n bobbejaan in 'n beesdip, so besig soos die duiwel in 'n danssaal, pas soos 'n kerie by 'n kaffer, so gelukkig soos 'n muis in 'n meelblik, so veilig soos Moses in die mandjie, so lastig soos papies in 'n perd, so vriendelik soos 'n tierwyfie met tien kleintjies, so uitgevreet soos 'n vetmaakvark, krioel soos vlieë op 'n vleisblok; veral in die volgende vergelykingstipe: Hy weet daar so min van as 'n kat (kraai, koei) van koskook (van 'n kruiwa, van klavierspeel, van Krismis), . . . as 'n vark van vioolspeel.

(d) Drie- of meerledige alliterasie: So bang soos 'n bobbejaan vir 'n blaasbalk, so boos soos 'n bobbejaan in 'n balie kookwater, so oorbodig soos 'n bril vir 'n blinde, so baie soos blare aan die bome, bewe soos 'n blaas aan 'n boom, bloos soos 'n bruid in 'n bad, brom soos 'n by in 'n kalbasdop, brul soos 'n bees wat bloed ruik, so beneuk soos 'n bul in 'n boerkraal, kyk soos 'n koei oor 'n kraalhek, so vet soos Visser se vrou, so verlate soos die verlore seun by die varkhok, so veilig soos 'n vlooi op 'n vlermuis; so tingerig soos 'n tingtinkie, so vinnig soos 'n veldvuur, so kaal soos 'n klein kalkoentjie, 'n klein koppie soos 'n kuier-kerie, so swaar soos 'n sak sout. Vgl. Ndl. Zoo koud as 'en kikkerkontjie op 'en koolblad.

(e) Nie-beklemtoonde lettergrepe vertoon ooreenkoms; g'n absolute alliterasie in die strengste sin van die woord nie:— So taai soos 'n tameletjie, so veranderlik soos 'n vrou, so verlate soos die vlakke, so nuut soos 'n nuwe sikspens, 'n gewete soos gomlastiek, gryp-vingers soos 'n geraamte.

(II) Rym.

Hierdie belangrike musikale bestanddeel is oor Oud-Frans vanuit die Middeleeuse kerklating op Germaans oorgebring, waar dit nie ouere alliterasie vervang het. Deur die volk word daarvan ruim gebruik gemaak in sy spreekwoordeskat. Baie van die vernuftigste en mees pakkende uitinge het hulle lewenskrag en algemene verbreiding te danke aan die melodieuze klankespeel, die simmetrie en die spontane gevoelsuiting wat die rym-verskynsel kenmerk. Dit is 'n uiterlike versiermiddel waardeur die vorm, indeling of struktuur van die gesegde aantrekliker gemaak word.

Presies soos by die alliterasie kan ook die rymdwang die vorm van 'n woord wysig (vgl. so rats soos 'n „kats” en so dors soos 'n „horse”), of is die vormgewende rymwerkzaamheid verantwoordelik vir vergelykinge waarin alle logiese begripsooreenkoms ontbreek:— So rooi soos 'n vlooi, so klein soos 'n pikkewyn, jok soos 'n bok, so bang soos 'n slang, so pront soos die koning se hond, so tuis soos 'n volstruis, dit smaak na teer—ek lus nog meer; vgl. ook Vls. *zoo zat as ne patat* (dronk).

Selfs in gevalle waar wel 'n gedeeltelike begripsooreenkoms aangetoon kan word, is dit nietemin hoofsaaklik aan die rymdwang te danke dat die uitdrukking 'n vaste vorm gevind het:—

So kwaai soos 'n haai, so rond soos 'n hond, so glad soos 'n kat, so sot soos 'n mot, bloos soos 'n roos, so nat soos 'n kat.

Die rym vind aansluiting by die verskillende vorme van die vergelyking:—

(a) Die gewone kort vergelyking: Fris soos 'n vis, slap soos 'n lap, skraal soos 'n paal, ver soos 'n ster, so glad soos 'n potkleipad, so gesond soos 'n waterhond, kyf soos 'n visserswyf, praat soos 'n advokaat, skreeu soos 'n meeu, kwink soos 'n vink. Vgl. Ndl. *rood als een kroot*, Drents *zoo wies as 'n patries*, Ndl. *droog als loog*, Hgd. *so alt als der bremer wald*; Afr. *steier soos 'n reier* wat 'n padda ingesluk het.

(b) Twee verwante eienskappe word genoem: Kort en dik soos 'n petrolblik, glad en blink soos 'n kaffervink, lank en skraal soos 'n telegraafpaal (die ritmiese vereistes speel hier 'n belangrike rol).

(c) In langer vergelykinge vorm die ritmiese simmetrie en die rym dikwels saam 'n musikaliteitseenheid:— Hy's net so vol plooi as sewe ou-ooie; hy's so glad met sy mond soos 'n rasper op die grond; sit en kerm soos 'n kat op 'n derm; hy is nes 'n waterhond, waar hy kom daar vat hy grond; lang bene soos 'n reier, spits kop soos 'n eier; net so vol planne soos 'n bokwa vol bobbejane; hy is soos Jantjie Volstruis, waar hy kom daar is hy tuis; so oud soos my hande, maar nie soos my tande; hy is soos van Toet, as hy beter was dan was hy goed. Vgl. Ndl. *Ziek als een hoen, wil gaarne eten en niets doen; dat vrouwen weten, blijft gesloten, als melk, in eene zeef*

gegoten; Duits: *Man wird alt wie ne Kuh und lernt immer dazu; er ist wie eine Maus, die niemals ist zu Haus.*

(d) Driededige rym word aangetref in: so tuis soos 'n muis in 'n bak gruis (vgl. Eng. *as snug as a bug in a rug*); assonans in so stram soos 'n tang.

(iii) Kontras en parallelisme.

Parallelisme of simmetrie in die bou van 'n vergelyking versterk die ritmiese gang daarvan. Twee eienskappe wat teenoor mekaar gestel word, vind 'n vaste vorm in die dubbele vergelyking:—

So sterk soos 'n bees, maar 'n hart soos 'n mossie; drink soos 'n vis, maar bly so dors soos 'n spons; geld soos bossies, maar skuld soos sand; geld soos sand, maar verstand soos 'n muis; 'n gesig soos 'n gesang, maar met die lyf van 'n polka (vgl. 'n Halleluja-gesig met 'n ,ragtime'-lyf); planne soos berge, maar deursettingsvermoë soos mols-hope. Vgl. Ndl. *Sterk als een leeuw, maar bang als een wezel; zij zingt als een engel, maar scheldt als een vischwiif*; Hgd. *Er spricht wie ein Buch und lügt wie eine Zeitung; schön wie ein Engel und dumm wie eine Gans.*

Op dergelyke wyse word twee of meer verwante eienskappe naasmekaar gestel om mekaar aan te vul of te versterk:—

Swem soos lood en duik soos 'n prop; lāng bene soos 'n reier, spits kop soos 'n eier; 'n lyf soos 'n ,paw-paw', bene soos sesduimspyk-ers, voete soos dinamietkassies; „so sterk soos 'n leeu en so rappad soos 'n boejan” (Jacob Platje). Vgl. Gronings *He het muth as en perd en mag as en kickvorsch*; Hgd. *Er kan reden wie ein Doktor und scheissen wie ein Apotheker; so lang wie ein Baum und so dumm wie ein Schaf; er kan schreiben wie ein Teufel und lesen wie ein Esel*; Ndd. *Hei hätt 'n Kopp äs e Pape un en Bauch as en Bürger-mêster*; Eng. *a face like a horse and teeth like tombstones.*

Woordkontrastering in die twee voorstellinge word aangewend om die begrip te verintensifeer, om op verrassende wyse die belangstelling te stimuleer, of eenvoudig terwille van die paradoksale uitwerking daarvan:—

So bang soos 'n kaal kaffer vir 'n aangetrekte magistraat; so lastig soos 'n blou bosluis aan 'n rooi koei; so onmoontlik as vir 'n Franse koei om Spaans te bulk; soveel van iets weet as 'n Russiese tsaar van Boerbiltong; soveel van iets weet as 'n Spaanse koei van Latyn; „ . . . wat uitstaan soos geel kolle op 'n blou polkadoek” (Die Huisg. 24/2/'39). Vgl. Ndl. *bekend als de bonte hond met den blaauwen staart.*

In enkele gevalle is die assosiasiewerking deur middel van kontras so sterk dat 'n welbekende vergelyking aanleiding kan gee tot 'n nuwe ontstaan wat 'n direkte teenstelling daarmee vorm, bv. *so mooi soos die dag* (na aanleiding van: *so lelik soos die nag*).

(c) Innerlike Vormverskynsels.

(i) Ironie.

Nêrens in die volkstaal word daar met so'n groot voorliefde en met soveel ingenomenheid van ironie gebruik gemaak as in die vergelyking nie. Hier kan die skampere skerts- en spotlus hoogty vier, hier kan die vernuftige gees hom in fyn spot- en skimpuitinge verlustig.

„Die verbreitetste und beliebteste art dieser ironischen Zusätze sind Vergleichsätze mit wie, die den vorausgehenden Satz in sein Gegenteil verkehren. Die ältesten Beispiele dafür finden sich in F. 5: Sic me iuvisti velut ardens flamina tectum. „Du hast mir geholfen, wie der Wind einem brennende Haus“, d.h. du hast mir mit deiner Hilfe nur geschadet. F. 476: Non aliter te, quam cultrum capra diligit, odi. Ich liebe dich so, wo die Ziege das Messer“ (Seiler 169).

Tipiese voorbeelde uit Duits is bv.: *Er ist so froh wo der Hund des dritten Schlags; er urteilt wie der Blinde von der Farbe; er hat ihn so lieb, wie ein altes Pferd seine Mutter; er ist so willkommen, wie ein Ferkel im Judenhaus; sie ist ruhig wie eine Fliege im Ohr.*

De Vooys wys daarop hoe ryk die volkstaal in die 17de eeu aan ironiese vergelykinge was (Verz. Opst. 2-191):—

„sij is so vriendelyck as en arm vol katten“ (Br. — De Klucht van de Koe, vs. 153); „Se is soo blanck als een mol“ (Teeuwis de Boer, bl. 9).

Ons kan hier byvoeg: 1ste bedelaar: „Hoe stinckt ghij dan van 't geld! 2de bedelaar: „Als een koe van den wijn“ (Van Moerk. 1-196).

Tuinman wy 'n afsonderlike bespreking aan hierdie vergelykings-tipe:—

„*Hij heeft dat zo vast, als een hand vol vliegen.* Dus drukt men boertig uit, hoe ongewis iets is. Men weet hoe lichtelyk vliegen uit de hand ontsnappen. Zo zegt men ook, *hij heeft dat zo vast als een paling bij den steert.* Vele spreekwoorden spelen op diergelyke aardige gelijkenissen. Bij voorbeeld, *zo vast als een mutsje met een keelband. Zij is ontsteld als een oud spinnewiel. Hij heeft als een loode deur. Het vloeit als een fontein uit een bezemstok. Het hangt aan malkanderen, als geknoopt zand. 't Vult als een boon een brouwkelte*“ (Tuinm. bl. 131). Vgl. ook *Hij lacht als een boer, die de tandpijn heeft; zoo vast als boter in de zon; hij roept als een dief in een paardenstal; oprecht als een bokshoren; slapen gelijk de muizen in 't meel.*

Dat die Afrikaanse volkstaal in hierdie opsig dieselfde karakteristiek vertoon, blyk uit die volgende:—

Loop so reguit soos 'n sleggelaaide kruitwa, swem soos 'n stuk lood en duik soos 'n prop, so reguit soos 'n hond se agterbeen, so V.3

regop soos 'n hoepel, so skoon soos oom Joos se varkhok, so welkom (tuis) soos 'n vark op 'n Jodebruilof, so haastig soos 'n begrafnisstoet, so vriendelik soos 'n tierwyfie, die muur staan so veilig soos 'n stapel pampoene, ruik so lekker soos 'n looiery, so maklik as wat 'n vark sy eie stert kan byt, so mak soos 'n mamba, so eerlik soos 'n Jood, so maklik soos sterre tel, so vriendelik soos 'n teef wat klein hondjies het, so netjies soos 'n mossienes, vry soos 'n reunperd, so glad soos 'n rasper, so bang soos 'n donkie vir mooipraat, dit pas soos 'n saal op 'n koei (. . . soos 'n brommer op 'n beespens).

(ii) Woordspeling en synesthesie.

'n Geval van suiwer woordspeling kom voor in: 'n arm is soos 'n vakansie, hy's gou-gou om ('n mooi se lyf).

Origens kan aangetoon word hoe die abstrakte dikwels met die konkrete vergelyk word (17de-eeus: „Al wistje woorden as backstienen”; Ndl. *'t Zijn woorden as worsten*), of hoe die vergelykende toevoeging normaal in 'n ander betekenisfeer tuishoort as die waarin dit in die vergelyking gebruik word. Hierdie verskynsel is verwant aan die synesthesie, waar visueel-waarneembare eienskappe oordragtelik gebruik word, of waar woorde wat betrekking het op die stoflike wêreld oorgebring word op die onstoflike:—

„*Het zijn vrienden als elefanten*. Men ziet in deze spreekwoordelijke vergelijking op die ligchamelijke gedaante van de genoemde dieren, en wil er spottender wijze door aanduiden: *het zijn zeer groote vrienden*” (Tuinm. 1-248).

Dieselfde tweeledige toepassing van die woordbetekenis vind ons bv. in die volgende aanhaling uit 'n bruiloftoespraak:—

„Myn live mense, dit is 'n grote dag fer die 2 . . . so groot soos 'n olifant” (Ons Klyntji 1-162); en ook in: „Die afgedankste mysi het my die sak gegêe, maar ek sê jou sy sal uitbak, net soos 'n baksteen” (O.K. 2-22); (Vgl. met laasgenoemde Afr. *Hy het in die eksamen gesak soos 'n baksteen*).

Vergelyk verder: Afr. so nat soos 'n vis (dronk), Ndl. *zoo vet als olie* (dronken); Afr. so sterk soos ou botter, Ndl. *fris als een kaasken*, Gron. *goar as mosterd*, Eng. *as keen as mustard*.

Tipiese Afrikaanse voorbeelde is: Hy sal my dop soos 'n ertjie (in die eksamen), so kwaai soos 'n rissie, so dik soos die weer (versadig), sy asem is so kort soos 'n pypsteel, hy kook oor (van woede) soos 'n pot seep, agteroorslaan soos 'n skotskar (van verbasing), jy sal bars soos 'n raap, 'n lang gesig soos 'n Desember vakansie, hy is altyd so laf soos sodawater, 'n klein koppie soos bedelkoffie, die wingerd loop soos 'n duisendpoot.

(iii) Hiperbool en Eufemisme.

Die volksvergelyking spruit uit so'n sterk gevoelsdrang dat 'n sekere mate van oordrywing inherent aan die meeste vergelykinge

is. Die hiperboliese voorstelling wat 'n veelgebruikte middel is om verskerpte aandag te verseker, word hier outomaties aangewend om die voorwerp van vergelyking in 'n skerper lig te stel.

In die voorafgaande is reeds gewys op verskillende verskynsels in die vorm, wat terselfdertyd 'n verskerping van die gevoelsreaksie teweegbring. In die meeste daarvan is 'n hiperboliese element aan te wys:— 'n gesig so lank soos twee telegraafpale, so suur soos 'n mandjie vol sermeinpere, ens.

Grappige oordrywing is aanwesig in dik lippe soos damkluite (. . . soos 'n viersitplekbank), 'n wye mond soos 'n goewermentspos-sak, wye neusgate soos Jerusalem se poorte, oë soos pierings, 'n mond soos 'n waenhuisdeur, ore soos wawiele (. . . soos turksvyblare) ens. Vgl. Ndl. *Tranen als baksteen*; 17de-eeus „De tafel was so groot als de Stadt Weesp”, „In de kamer lag een vat wijn, wel zoo groot als onze Haag” (van Moerk., bl. 354); Afr. *My hart klop soos 'n kerkklok*, bloos soos 'n kool vuur, laer as 'n slang se gat.

In teenstelling met die hiperbool is die eufemisme nie kenmerkend van die vergelyking nie. Toevallige aanwending kan aangetoon word in: So lelik soos die bobbejaan se sitplek, so toe soos 'n klei-os se neus, loop soos iemand wat uit die drie letters kom, so simpel soos no. 2, so glad soos 'n jaaroud kuiken se agterwêreld, lyk soos 'n brommer op 'n tube', spoeg soos 'n reier.

Vgl. „*Zo bot als mijn elleboog* (dit zal wel verbloemd zijn, gelijk in, *kus mijn elleboog*. Men hoort dat op andere wijze wel onhebbelijker, en dus zegt men ook: *zo bot als 'n achtereinde van een verken*)” (Tuinm., bl. 322).